

BADISA

Registrasienommer as organisasie sonder winsoogmerk : 011-891

PROGRAM: HUIS ANDREW MURRAY - WELLINGTON

FINANSIËLE JAARSTATE - 31 MAART 2021



Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Chartered Accountants (S.A.)

Ons verstaan besigheid. . . .
We understand business. . . .

BADISA

Registrasienommer as organisasie sonder winsoogmerk : 011-891

PROGRAM: HUIS ANDREW MURRAY - WELLINGTON

FINANSIËLE JAARSTATE - 31 MAART 2021

INHOUD

BLADSY

Gekwalifiseerde verslag van die Onafhanklike Ouditeure	1 - 2
Verklaring van Beheerraad	3
Balansstaat	4
Inkomstestaat	5 - 7
Kontantvloeistaat	8
Bylae 1 tot die finansiële jaarstate	9
Aantekeninge tot die finansiële jaarstate	10 - 16

GEKWALIFISEERDE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE AAN DIE VOORSITTER EN LEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN HUIS ANDREW MURRAY - WELLINGTON**Mening**

Ons het die finansiële state van Huis Andrew Murray - Wellington soos uiteengesit op bladsy 4 - 16, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die balansstaat soos op 31 Maart 2021 en die inkomstestaat vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge.

Na ons mening, behalwe vir die moontlike uitwerking van die aangeleentheid beskryf in die Grondslag vir gekwalifiseerde mening afdeling van ons verslag, is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van 31 Maart 2021 en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state en die wyse wat deur die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, vereis word.

Grondslag vir gekwalifiseerde mening

Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie vir die organisasie uitvoerbaar om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor kontant invorderings uit skenkings, fondsinsamelings en ledegelde voor die aanvanklike inskrywing van die invorderings in die rekeningkundige rekords nie. Dienooreenkomstig was dit nie vir ons prakties moontlik om ons ondersoek verder as die ontvangste wat werklik aangeteken is, uit te brei nie.

Ons het ons audit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Audit van die Finansiële State afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die organisasie in ooreenstemming met artikels 290 en 291 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)', afdelings 1 en 3 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)' (tesame die 'IRBA Codes') en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op audits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Codes' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op audits in Suid-Afrika, vervul. Die 'IRBA Codes' is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'Code of Ethics for Professional Accountants' en die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ons glo dat die audit bewyse wat ons verkry het, voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons gekwalifiseerde mening te bied.

Beklemtone van aangeleentheid

Sonder om ons mening aan te pas wil ons aandag vestig op nota 9 tot die finansiële oorn voorwaardelike aanspreeklikheid.

Verantwoordelikhede van die beheerraad vir die Finansiële State

Die program se beheerraad is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die rekeningkundige beleid soos uiteengesit in nota 1 in die finansiële state, die wyse wat deur die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk vereis word en vir sodanige interne beheer as wat die beheerraad nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die program beheerraad se verantwoordelikheid om die program se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en aangeleenthede, soos toepaslik, wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die beheerraad beplan om die program te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die Finansiële State

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme regdeur die audit. Ons doen ook die volgende:

- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die program se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die beheerraad gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die beheerraad se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op die audit bewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan werp op die program se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op audit bewyse verkry tot en met die datum van my ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die program ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die beheerraad oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

Theron du Plessis

THERON DU PLESSIS DURBANVILLE ING.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Ouditeure
Suzanne Petronella de Wet GR (SA), GO
Direkteur

31 Julie 2021
Durbanville

VERKLARING VAN BEHEERRAAD

Daar word van die beheerraad vereis om omvattende rekeningkundige rekords te handhaaf en verantwoordelik te wees vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate ter voldoening aan die rekeningkundige beleid, soos uiteengesit in nota 1 van die finansiële state, 'n redelike weergawe is van die program se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die rekeningkundige beleid opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en waar van toepassing, deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die beheerraad erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die program ingestel het en plaas aansienlike klem op die handhawing van streng beheer. Sodat die beheerraad die verantwoordelikhede kan nakom, stel die raad standarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein. Die standarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker.

Die beheermaatreëls word deur die hele program gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standarde handhaaf om te verseker dat die program se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is.


Die program se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die program. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die program dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die beheerraad is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die beheerraad het die program se kontantvloeivooruitskatting vir die jaar tot 31 Maart 2022 geëvalueer en is, in die lig hiervan tesame met die huidige finansiële posisie oortuig dat die program toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike audit van die program se finansiële jaarstate en om daarvoor verslag te doen. 'n Eksterne audit is uitgevoer op hierdie finansiële jaarstate deur die program se eksterne ouditeure en hul verslag word op bladsy 1-2 aangebied.

Die finansiële jaarstate soos uiteengesit en op die lopende saakgrondslag opgestel, is deur die beheerraad goedgekeur en namens hulle onderteken deur:



VOORSITTER



ADMINISTRATIEWE BEAMPTTE

31 Julie 2021

BALANSSTAAT OP 31 MAART 2021

	Aant	2021 R	2020 R
BATES			
Nie-bedryfsbates		2,838,039	4,872,926
Vaste bates	2	620,392	426,702
Beleggings	3	2,217,647	4,446,224
Bedryfsbates		232,269	188,887
Rekeninge ontvangbaar	4	274,727	150,256
Kontant en kontantekwivalente	5	(46,466)	18,620
Kontant voorhande		4,008	20,011
		<u>3,070,308</u>	<u>5,061,813</u>
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEID			
Kapitaal en reserwes		1,782,028	4,029,857
Opgelope tekort	6	(47,539)	754,969
Spesiale reserwefondse (Bylae 1)		1,829,567	3,274,888
Bedryfslaste		1,288,281	1,031,956
Rekeninge betaalbaar	7	1,288,281	1,031,956
		<u>3,070,308</u>	<u>5,061,813</u>

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

	Aant	2021 R	2020 R
INKOMSTE			
DONASIES EN BEMAKINGS		1,660,115	2,972,068
Individue		34,634	164,822
Gemeentes		26,998	77,820
Erflatings		8,750	1,276,206
Goedere in natura		1,589,733	1,453,220
DIVERSE INKOMSTE		25,988	17,430
FONDSINSAMELING		2,043,116	2,011,171
ONINBARE SKULDE INGEVORDER		-	1,682
RENTE ONTVANG		173,909	251,382
VERSEKERINGSEISE ONTVANG		44,283	18,536
SUBTOTAAL		3,947,411	5,272,269
Staatsubsidies	8	7,004,624	6,734,360
BEDRYFSINKOMSTES TOTAAL		10,952,035	12,006,629
UITGAWES			
SALARISSE		6,600,392	5,596,547
Administratief		1,325,583	1,106,383
Huishoudelik		967,990	831,279
Professioneel		2,856,136	2,497,037
Bonusse		384,726	334,250
Mediesefondsbydraes		192,656	170,625
Pensioenfondsbydraes		524,670	432,515
Werkloosheidsversekeringsfonds		48,414	40,640
Vergoedingskommissaris		15,323	15,848
Toename/(Afname) in verlofvoorsiening		196,152	98,174
Personeelontwikkeling		40,843	31,674
Personeelwerwing		31,447	37,590
Selfoon toelae		16,452	532
VERVOERUITGAWES		180,879	237,150
Brandstof		71,988	116,166
Onderhoud voertuie		72,644	89,910
Reis- en verblyfkoste		22,104	13,638
Versekering en lisensies		14,276	17,436
Kinders vervoer		(133)	-
Subtotaal oorgedra		6,781,271	5,833,697

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021 (vervolg)

	Aant	2021 R	2020 R
Subtotaal oorgebring		6,781,271	5,833,697
KANTOORUITGAWES		314,609	274,568
Drukwerk en skryfbehoeftes		163,683	137,039
Heffings, registrasie en affiliasie		61,387	60,533
Onderhoud kantoortoerusting		45,813	38,784
Telefoon en posgeld		43,726	38,212
GROND EN GEBOUE		1,658,829	1,033,460
Instandhouding		640,695	330,476
Munisipale dienste en ander uitgawes			
- Elektrisiteit en gas		509,476	412,887
- Water en sanitasie		391,811	200,779
- Vullisverwydering		45,447	24,300
Versekering		71,400	65,018
HUISHOUDELIKE UITGAWES		3,049,445	2,393,425
Was en skoonmaak		136,411	168,577
Kruideniersware		1,763,277	1,362,854
Linne		7,268	32,655
Klerasie		307,293	173,737
Medies		71,596	76,715
Onderwys, uitstappies en ontspanning		617,414	490,495
Sakgeld		68,610	52,200
Vervangings		77,576	36,192
SPESIALE DIENSTE		443,997	471,166
Bankkoste		52,267	53,505
Fondsinsameling		135,068	376,577
Konsultasie en professionele fooie		23,053	21,354
Openbare skakeling en bemarking		13,605	24,035
Rente betaal		3,766	573
Korting ontvang		(2,810)	(4,878)
Twyfelagtige skulde		219,048	-
UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERING		12,248,151	10,006,316
WAARDEVERMINDERING		109,360	92,883
Meubels en toerusting		70,388	31,717
Rekenaartoerusting		20,899	38,574
Motorvoertuie		18,073	22,592
BEDRYFSUITGAWES TOTAAL		12,357,511	10,099,199

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021 (vervolg)

	Aant	2021 R	2020 R
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR			
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(1,405,476)	1,907,430
KAPITALE BESTEDING		(928,639)	(409,502)
BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) NA KAPITALE BESTEDING		(2,334,115)	1,497,928
BEWEGINGS IN SPESIALE RESERWEFONDSE			
Verhalings uit:		1,648,414	21,669
- Instandhoudingsfonds		702,538	3,117
- Ameublementvervangingsfonds		675,498	5,388
- Motorvervangingsfonds		2,889	2,763
- Algemene fonds		265,708	10,401
- Mediese terapeutiese fonds		1,781	-
Bydraes tot:		(203,091)	(1,219,199)
- Instandhoudingsfonds		(17,389)	(515,527)
- Ameublementvervangingsfonds		(35,777)	(434,792)
- Motorvervangingsfonds		(18,985)	(40,445)
- Algemene fonds		(119,441)	(228,435)
- Mediese terapeutiese fonds		(11,499)	-
		(888,792)	300,398
ONGEREALISEERDE SURPLUS / (TEKORT) IN BELEGGINGS		86,284	(81,314)
NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR		(802,508)	219,084

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2021

	Aant	2021 R	2020 R
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE		(2,006,617)	1,702,916
Kontantontvangste vanaf kliënte en befonders		10,557,787	10,103,806
Kontantbetalings aan werknemers en leweransiers		(12,734,547)	(8,651,699)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	1	(2,176,760)	1,452,107
Beleggingsinkomste		173,909	251,382
Rente betaal		(3,766)	(573)
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE		1,925,530	(1,723,523)
Aankoop van vaste bates		(303,047)	(272,609)
Afname / (Toename) in beleggings		2,228,577	(1,450,914)
NETTO TOENAME / (AFNAME) IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		(81,087)	(20,607)
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE BEGIN VAN JAAR		38,631	59,238
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE EINDE VAN JAAR		(42,458)	38,631
1 REKONSILIASIE VAN KONTANT DEUR BEDRYWIGHEDE VOORTGEBRING MET NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR			
Netto surplus / (tekort) vir die jaar		(802,508)	219,084
Aansuiwerings vir :			
- Waardevermindering		109,360	92,883
- Beleggingsinkomste		(173,909)	(251,382)
- Rente betaal		3,766	573
- Bewegings op reserwefonds		(1,445,323)	1,197,530
Bedryfsurplus / (tekort) voor bedryfskapitaalveranderinge		(2,308,614)	1,258,688
Bedryfskapitaalveranderinge			
- (Toename) / Afname in debiteure		(124,471)	(41,992)
- (Toename) / Afname in voorraad		-	50,948
- Toename / (Afname) in krediteure		256,325	184,463
Kontant deur bedrywighede voortgebring		(2,176,760)	1,452,107

SPESIALE RESERWEFONDSE (BYLAE 1)

	Instand- houdings- fonds R	Ameublement- vervangings- fonds R	Motor- vervangings- fonds R	Algemene- fonds R	Mediese Terapeutiese- fonds R	2021 Totaal R	2020 Totaal R
Saldo begin van die jaar	738,881	922,468	313,080	1,300,461	-	3,274,890	2,077,358
Plus:	17,389	35,777	18,985	119,441	11,499	203,091	1,219,199
Bydraes	17,389	35,777	18,985	119,441	11,499	203,091	(1,219,199)
Billike waarde aanpassing	-	-	-	-	-	-	-
Rente	-	-	-	-	-	-	-
Herklassifikasie	-	-	-	-	-	-	-
Min:	(702,538)	(675,498)	(2,889)	(265,708)	(1,781)	(1,648,414)	(21,669)
Onttrekkings	(702,538)	(675,498)	(2,889)	(265,708)	(1,781)	(1,648,414)	(21,669)
Saldo einde van die jaar	<u>53,732</u>	<u>282,747</u>	<u>329,176</u>	<u>1,154,194</u>	<u>9,718</u>	<u>1,829,567</u>	<u>3,274,888</u>

- Die doel van die Instandhoudingsreserwe is om fondse beskikbaar te stel vir die instandhouding van grond en geboue.
- Die Ameublementvervangingsfonds word aangewend vir die vervanging van meubels en toerusting in die versorgingseenhede en administratiewe gebou.
- Die Motorvervangingsreserwe is om fondse beskikbaar te stel vir die vervanging en abnormale herstelwerk aan motorvoertuie.
- Die Algemene reserwe is om fondse beskikbaar te stel vir kort en lang termyn oorbrugging en kontantvloei probleme.
- Die Mediese Terapeutiese fonds word beskikbaar gestel vir mediese onkoste.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

1.1 Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is op die historiese koste grondslag opgestel en word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied. Die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié van die vorige tydperk. Die volgende is die hoof rekeningkundige beleid wat gebruik word.

1.2 Vaste bates

Vaste bates is tasbare items wat:

- Gehou word vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere en dienste, vir verhuring aan ander of vir administratiewe doeleindes; en
- sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word.

Voertuie en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalings verliese. Vaste bates as skenkings of bemakings ontvang, word teen nominale waarde getoon.

Koste sluit in alle koste wat aangegaan is om die bate by die plek af te lewer en die toestand wat nodig is om dit in staat te stel om te funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog is.

Waardevermindering op voertuie en toerusting word voorsien volgens metodes wat geskik is om die afskryfbare bedrag van die bates oor hul ekonomiese lewensduur af te skryf. Die volgende waardeverminderingmetodes en ekonomiese lewensdure is aan die onderskeie bates toegeken:

- Meubels en toerusting - 10% volgens die verminderde saldo-metode;
- Rekenaartoeusting - 33.33% volgens die reguitlyn-metode;
- Voertuie - 20% volgens die verminderde saldo.

Bykomend tot die bogenoemde:

- aankope van tasbare bates met 'n koste van R3,000 en minder word erken as 'n uitgawe in die periode aangegaan;
- aankope van tasbare bates met 'n koste van tussen R3,000 en R7,000 word wel gekapitaliseer, maar die volle bedrag word as waardevermindering afgeskryf in die jaar van aankope;
- kapitale verbeteringe aan geboue onder huurkontrak word direk in die surplus of tekort vir die jaar waarin dit aangegaan is erken.

Surplus of tekort met verkope word bereken deur die opbrengs met die drabedrag te vergelyk en word in surplus of tekort in die tydperk erken.

1.3 Finansiële instrumente

Aanvanklike meting

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksie prys. Dit sluit transaksiekoste in, behalwe vir finansiële instrumente wat gemeet word teen billike waarde deur surplus of tekort.

Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste

Skuldinstrumente, wat lenings betaalbaar en ontvangbaar asook debiteure en krediteure insluit, word gevolglik gemeet teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiewe rentekoers metode. Skuldinstrumente wat geklassifiseer word as bedryfsbates of bedryfslaste, word gemeet op die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat na verwagting ontvang of betaal sal word.

Aan die einde van elke verslagdoeningsdatum word die drabedrae van bates gehou in hierdie kategorie hersien, om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien wel, word 'n waardedalingsverlies erken.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**1.3 Finansiële instrumente (Vervolg)****Finansiële instrumente teen kosprys**

Verpligtinge om 'n lening te kry word gemeet teen kosprys minus enige waardedaling.

Ekwiteitsinstrumente wat nie in die openbaar verhandel word nie en waarvan die billike waarde andersins nie betroubaar gemeet kan word nie, word gemeet teen kosprys minus enige waardedaling. Dit sluit in ekwiteitsinstrumente gehou in ongenoteerde beleggings.

Finansiële instrumente teen billike waarde

Alle ander finansiële instrumente word gemeet teen billike waarde deur surplus of tekort.

1.4 Spesiale reserwefondse

Die bedrae getoon verteenwoordig kapitaal en opgehoopte beleggingsopbrengs van die fondse waarvan die hele opbrengs vir gespesifiseerde doeleindes aangewend mag word.

1.5 Korttermyn werknemervoordele

Die koste van korttermyn werknemervoordele (dié wat betaalbaar is binne 12 maande nadat sodanige diens gelewer is soos betaalde verlof) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie verdiskonteer nie.

1.6 Staatstoekennings

Toekennings wat nie gespesifiseerde toekomstige prestasie voorwaardes vereis nie, word erken in inkomste wanneer die toekenning opbrengs ontvangbaar is. Toekennings wat gespesifiseerde toekomstige prestasie voorwaardes vereis, word erken in inkomste slegs wanneer die prestasie voorwaardes nagekom is. Toekennings wat ontvang is voor die inkomste-erkenningskriteria nagekom is, word erken as 'n las. Toekennings word gemeet teen die billike waarde van die bate ontvang of ontvangbaar.

1.7 Inkomste erkenning

Inkomste word bereken teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of ontvangbaar is en verteenwoordig die ontvangbare bedrae vir goedere en dienste wat in die normale gang van sake verskaf word, na aftrekking van handelskortings en hoeveelheid korting en belasting op toegevoegde waarde.

Inkomste word erken by aflewering van produkte en kliënte-aanvaarding, netto van belasting op toegevoegde waarde en afslag.

Ander inkomste wat verdien word, word op die volgende basisse erken:

- Rente inkomste soos dit oploop (met inagneming van effektiewe opbrengs op bate) tensy invorderbaarheid twyfelagtig is.
- Skenkings, bemakings en fondsinsamelings - wanneer die bedrae fisies ontvang word.
- Admin- en diensfooie - in die tydperk wat die diens gelewer word.

1.8 Leenkoste

Leenkoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as 'n uitgawe erken.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

1.9 Waardedaling van bates

Op elke verslagdoeningsdatum word daar ge-evalueer of daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde gedaal het. Indien daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde kon gedaal het, word die verhaalbare bedrag vir die individuele bate bepaal. Indien die verhaalbare bedrag van die individuele bate nie bepaal kan word nie, word die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid waarby die bate hoort bepaal.

Indien 'n waardedalingsverlies gevolglik omgeswaai word, word die drabedrag van die bate (of groep verwante bates) tot die gewysigde bepaling van sy verhaalbare bedrag verhoog, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies in vorige jare vir die bate (of bategroep) erken is nie. Die omswaai van 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in surplus of tekort erken.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2021 R	2020 R
2 VASTE BATES		
2.1 MEUBELS EN TOERUSTING		
Kosprys begin van die jaar	633,546	387,408
<u>Plus: Aankope</u>	<u>246,607</u>	<u>246,138</u>
Kosprys einde van die jaar	880,153	633,546
<u>Min: Opgelope waardevermindering</u>	<u>(389,930)</u>	<u>(319,542)</u>
Boekwaarde einde van die jaar	<u>490,223</u>	<u>314,004</u>
2.2 MOTORVOERTUIE		
Kosprys begin van die jaar	701,001	701,001
<u>Min: Opgelope waardevermindering</u>	<u>(628,707)</u>	<u>(610,633)</u>
Boekwaarde einde van die jaar	<u>72,294</u>	<u>90,368</u>
2.3 REKENAARS		
Kosprys begin van die jaar	191,658	165,186
<u>Plus: Aankope</u>	<u>56,440</u>	<u>26,471</u>
Kosprys einde van die jaar	248,098	191,657
<u>Min: Opgelope waardevermindering</u>	<u>(190,228)</u>	<u>(169,329)</u>
Boekwaarde einde van die jaar	<u>57,870</u>	<u>22,328</u>
2.4 VASTE EIENDOM		
Die perseel en geboue van Huis Andrew Murray - Wellington is die eiendom van die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy (GHBM) en word in die finansiële state van die GHBM getoon.		
TOTALE BATES		
Kosprys begin van die jaar	1,526,205	1,253,595
<u>Plus: Aankope</u>	<u>303,047</u>	<u>272,609</u>
Kosprys einde van die jaar	1,829,252	1,526,204
<u>Min: Opgelope waardevermindering</u>	<u>(1,208,865)</u>	<u>(1,099,504)</u>
Boekwaarde einde van die jaar	<u>620,387</u>	<u>426,700</u>
3 BELEGGINGS		
Allan Gray Beleggingsfonds*	2,207,896	2,581,548
Investec Geldmark	9,750	1,864,676
	<u>2,217,647</u>	<u>4,446,224</u>

* Beleggings word getoon teen markwaarde.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2021 R	2020 R
3 BELEGGINGS (Vervolg)		
Toegedeel as volg:		
Huis Andrew Murray - Wellington	388,080	2,255,598
Spesiale reserwefondse (Sien bylae 1)	1,829,567	2,190,626
Instandhoudingsfonds	53,731	288,598
Ameublementvervangingsfonds	282,747	530,831
Motorvervangingsfonds	329,176	290,480
Algemenevervangingsfonds	1,154,195	1,080,717
Mediese terapeutiese fonds	9,718	-
	<u>2,217,647</u>	<u>4,446,224</u>
4 REKENINGE ONTVANGBAAR		
Rekeninge ontvangbaar	348,435	17,187
Voorsiening vir twyfelagtige skulde	(219,048)	-
	<u>129,387</u>	<u>17,187</u>
Korttermynlenings ontvangbaar	50,110	36,548
BTW ontvangbaar	72,230	69,493
Deposito's betaal	23,000	23,000
Matriekafskaid	-	3,828
Personeellenings	-	200
	<u>274,727</u>	<u>150,256</u>
5 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		
Bank	(46,466)	18,620
Kleinkas	4,008	20,011
	<u>(42,458)</u>	<u>38,631</u>
6 ONAANGEWENDE SURPLUS		
Saldo begin van die jaar	754,969	535,885
Surplus / (tekort) vir die jaar	(802,508)	219,084
Saldo einde van die jaar	<u>(47,539)</u>	<u>754,969</u>

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

	2021	2020
	R	R
7 REKENINGE BETAALBAAR		
Rekeninge betaalbaar	407,544	314,663
Vooruitontvange losies	108,000	171,000
Voorsiening vir verlof	276,219	209,265
Voorsiening vir bonusse	116,068	92,225
SARS	27,444	-
Projekfondse voorhande Huis fondse	27,951	33,876
Projekfondse voorhande Mentorskap en studiefonds	205,893	98,416
Projekfondse voorhande Arbeidsterapie	682	871
Projekfondse voorhande Sport trust	26,212	19,562
Projekfondse voorhande Sakgeld voorhande	67,992	37,615
Projekfondse voorhande	6,400	-
Vakansieprogram	15,660	44,574
Ortodontiese behandeling	86	5,483
Salaris kontrole	1,100	3,376
Projekfondse voorhande - Skoolverlaterskamp	1,030	1,030
	<u>1,288,281</u>	<u>1,031,956</u>
8 STAATSUBSIDIES		
- Departement Maatskaplike Ontwikkeling	7,004,624	6,734,360
(Subsidie ten opsigte van April 2020 - Maart 2021)	<u>7,004,624</u>	<u>6,734,360</u>
Departement Maatskaplike Ontwikkeling verdeel as volg:		
Provinsiale administrasie		
- Wes-Kaap	7,004,624	6,734,360
	<u>7,004,624</u>	<u>6,734,360</u>

9 VOORWAARDELIKE AANSPREKLIKHEID

Toegang tot die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se eFiling-profiel is tydelik opgeskort. Bestuur is tans in die proses om toegang tot die profiel te herstel om sodoende die uitstaande opgawes met betrekking tot werknemersbelasting en belasting op toegevoegde waarde in te dien.

Die bedrag wat tans as 'n las in die finansiële state aangetoon word vir werknemersbelasting, is R27,444 (verwys na nota 7 in die finansiële state). Die bedrag wat tans as 'n bate in die finansiële state aangetoon word vir belasting op toegevoegde waarde, is R72,230 (verwys na nota 4 in die finansiële state). Hierdie bedrae verteenwoordig die kapitaalbedrag vir die jaar onder oorsig en sluit nie enige moontlike boetes en rente in as gevolg van laat indiening en betaling nie.

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

12 LOPENDE SAAK

Die finansiële jaarstate is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Die grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en aanspreeklikhede in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Die Wêreld Gesondheids Organisasie het op 11 Maart 2020 'n ramptoestand verklaar as 'n maatreël om die COVID-19 pandemie aan te spreek en gevolglik is 'n nasionale inperking ingestel.

Die omstandighede, as gevolg van die huidige inperking, het 'n verreikende uitwerking op die ekonomie gehad, waarvan die toekomstige impak onbekend is.

Die beheerraad het die huidige impak van die COVID19 pandemie op die lopende saak van die program oorweeg. Die program word geaffekteer deurdat bedryfsaktiwiteite tydelik gestaak moes word, wat meegebring het tot 'n vermindering in die dienslewingsfooie ontvang en ook die invordering van fondse deur middel van donasies en fondsinsamelings.

Die beheerraad monitor deurlopend die finansiële impak van die pandemie op die program en is positief dat addisionele befondsing vanaf donateurs, sowel as aanwending van beskikbare reserwes, die lopende saak van die program sal onderhou.